Hoe om gipsafdrukke in klei te maak

Vir gipsafdrukke as deel van beeldende kunste of handwerk kan klei in plaas van die modder gebruik word. Dis minder morsig en gee ‘n netjieser afdruk.

? Stappe

1. Maak soutklei (sien resep op volgende bladsy).
2. Kry/koop driedimensionele voorwerpe (vir afdrukke), sakkies of bakkies (vir meng van gips), dik karton (vir die gietvorm) en gips.
3. Deel die soutklei gelykop tussen die kinders en laat hulle dit platdruk tot so 2-3 centimeter dik. Laat die kind sy naam op die kant van die klei of onder uitkrap.
4. Maak die gips aan in ‘n sakkie/bakkie. Die verhouding is ongeveer 3 dele ‘gips’ vir 2 dele water.
5. Druk die voorwerpe in die klei sodat daar ‘n duidelike merk agterbly.
6. Smeer die afdruk liggies met Vaseline (petroleumjellie).
7. Sny die karton in ongeveer 3 cm stroke in die lengte en kram die punte aan mekaar vas.
8. Druk nou die sirkel van karton in die klei in sodat dit ‘n bakkie vorm vir die gips.
9. Gooi die gips in die vorm en ten minste 1 cm dik bokant die klei om te keer dat dit maklik breek.
10. Laat die gipsvorm oornag staan om droog te word.
11. Verwyder die klei van die gipsafdruk.
12. Verf die gipsafdruk om die produk te voltooi.

☺ Wenke

1. Die gips moet dunner aangemaak word indien die vorm fyner en/of kleiner is, sodat dit in al die voue en gaatjies kan inloop. Dit sal dan egter langer neem om droog te word.
2. Kinderspeelgoed soos klein dinosourusse, plaasdiere of skulpe werk goed om die afdrukke meet te maak.

🕮 Bronne

1. Natuur-aktiwiteite: Ontdek klippe en fossiele. Lapa Uitgewers.

Resep vir soutklei

500ml koekmeel
200ml sout
30ml kremetart
500ml water
30ml kookolie
voedselkleursel

Meng die koekmeel, sout en kremetart in ‘n kastrol.
Voeg die water en kookolie by.
Skakel die stoof aan op vinnig.
Roer die mengsel die hele tyd totdat dit ‘n stywe ‘bal’ vorm.
Laat dit effens afkoel.
Knie vir ongeveer 5 minute.
Deel die soutklei in gelyke dele op.
Knie ‘n verskillende kleur voedselkleursel in elke deel klei.
Knoop elke deel klei toe in ‘n plastieksakkie (om uitdroging te voorkom) totdat dit gebruik word.